higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSPROSES
NKR VLAK 4

(8021014)

8 Maart 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A,B en C.
3. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik 'n SWART of 'n BLOU pen,
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 'n spasie en trek 'n streep na die voltooiing van elke vraag.
8. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kies die korrekte stelling.

Voorgeregtelike fase (misdaadaanmeldfase) bestaan uit die volgende stappe:

A Aanmelding van 'n misdaad.
B Ondersoek deur die polisie.
C Vonnisoplegging van die aangeklaagde.
D Stellings A en B.

1.2 Kies die korrekte stelling.

Misdaadvoorkomingsfilosofieë sluit die volgende in:

A Misdaadvoorkoming is duur en 'n reaktiewe polisiëringsmaatreël.
B Misdaadvoorkoming verg die samewerking van alle elemente van die gemeenskap.
C Misdaadvoorkoming vereis dat nasionale behoeftes en besorgdhede in ag geneem moet word.
D Stellings B en C.

1.3 Kies die mees korrekte stelling.

Wanneer die aanklaer besluit om die aangeklaagde te vervolg op grond van voldoende bewys in die dossier, moet die aanklaer oor die volgende aspekte besluit:

A Wat die aanklag sal wees.
B Of borgtog teengestaan moet word, of nie.
C Besluit oor 'n datum van vonnis.
D Stellings A en B.

1.4 Kies die mees korrekte stelling:

A Die volgende CAS-nommer moet op die SAPS 441 aangeteken word.
B Die SAPS 441 moet in drievoud voltooi word.
C Die afskrip moet onder 'C' in die dossier liasseer word.
D Die stellings in A en C vermeld.

1.5 Kies die korrekte stelling.

Die regte van 'n aangehoudende sluit die volgende in:

A Kies en spreek 'n regspraktisyn.
B Om 'n regspraktisyn, deur die staat aangewys, te hê op eie koste.
C 'n Korrektiewe beampte moet die geskrewe inligting aan ongeletterde gevangenes verduidelik.
D Stellings B en C.

(5 × 1) **[5]**

NCV

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/'n woord in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie	A	opvoeding van die jeug en van die samelewing
2.2	Primêre misdaadvoorkoming	B	die regstelsel, omgewingsontwikkeling, gemeenskapswaardes en gemeenskapsopleiding, oorgangsmisdaad
2.3	Misdaadvoorkoming vanuit 'n polisiëringsperspektief	C	optrede om die behoefte om misdaad te pleeg te elimineer of te verminder, asook die geleentheid om misdaad te pleeg
2.4	Sekondêre misdaadvoorkoming	D	maak vrede tussen mense wat vervreemd geraak het en mekaar leed aangedoen het
2.5	Restoratiewe geregtigheid	E	geregtigheid wat daarop gemik is om 'n oortreder op te hef en terug te plaas in sy/haar gemeenskap as 'n wetsgehoorsame burger; bevorder heling
2.6	Rekonsiliasie	F	straatpatrollies
2.7	Restitusie	G	die opvatting dat jy slegs 'n mens deur ander mense kan wees: 'Ek is as gevolg van jou'
2.8	Reparasie	H	die onregverdige behandeling of diskriminasie teen slagoffers van geweld
2.9	Ubuntu	I	kompensasie, regstelling van iets verkeerds
2.10	Viktimisering	J	regstellings, reël kompensasie
		K	lei die oortreder op om ná gevangenisdiens na 'n normale lewe terug te keer as nuttige burger

(10 × 1) **[10]**

NCAD

VRAAG 3

Voltooi die volgende sin of sinne/paragraaf of paragrawe deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

doel; wettig; weglating; onwettig; instem; afwys; afvaardig; waarskuwing; lasbrief; rede

3.1 Beslaglegging van enige artikel wat nie in die lasbrief genoem is nie, is (3.1.1) … Artikel 20 van die Strafproseswet 51 van 1977 beskryf die artikels waarop beslag gelê kan word en betrek hoofsaaklik artikels wat gebruik kon gewees het, of moontlik gebruik kan word in die (3.1.2) … van 'n oortreding. (2)

3.2 'n Soektog deur 'n polisiebeampte sonder 'n lasbrief, en sy of haar beslaglegging van artikels beskryf in Artikel 20 van die Strafproseswet 51 van 1977, kan op een of twee maniere voorkom:

- Eerstens, wanneer die betrokke verdagte of iemand wat gesag het oor die ter sake perseel of bewoners (3.2.1) … tot die soektog.
- Tweedens, wanneer die polisiebeampte rede het om te glo dat 'n (3.2.2) …, in elk geval aan hom of haar uitgereik sou word, maar dat die vertraging die (3.2.3) … van die soektog sou ondermyn. (3)

[5]

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Polisiereserviste is opgelei en terwyl hulle aan diens is, het hulle nie dieselfde gesag as volwaardige permanente polisiebeamptes nie.

4.2 Buurtwagte en gemeenskapsontwikkelingsprogramme sal die primêre maatskaplike oorsake van misdaad hanteer.

4.3 Misdaadvoorkoming is die verantwoordelikheid van alle vlakke van regering.

4.4 Oorgangsmisdaad, gemeenskapswaardes en gemeenskapsopleiding is struikelblokke in die nasionale misdaadvoorkomingstrategie.

4.5 Misdaadvoorkoming verg 'n sentrale posisie in wetstoepassing.

4.6 Nadat 'n verklaring afgeneem is, moet die dossier twee dae lank geliasseer word voordat dit op die misdaadadministrasiestelsel (CAS) prosesseer word.

4.7 Slagofferbemagtiging is die manier waarop slagoffers bemagtig word nadat hulle geviktimiseer is deurdat die behoeftes wat ontstaan het uit hul viktimisering bevredigend deur die polisie hanteer word.

4.8 Slagofferondersteuning verwys na hulp en verwerping en nie-bystand.

4.9 Die Departement Korrektiewe Dienste fasiliteer die proses vir die herintegrasie van oortreders tot die gemeenskap.

Kopiereg voorbehou

4.10 Die proses om oortreders weer by die samelewing te integreer sluit in opvoedkundige programme aan ongeletterde gevangenes en jeugoortreders. (10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Die drieledige benadering tot misdaadbeheer staan bekend as primêre (meganiese), sekondêre (straffende) en tersiêre (korrektiewe) vlakke van voorkoming. Sekondêre voorkomingsmaatreëls kan die vorm van veiligheidsvoorkomingsmaatreëls aanneem. As misdaadvoorkoming nie suksesvol is nie, sal kriminele oortredings gepleeg word en die verdagtes moet dan vervolg word, gevonnis en tyd in die tronk deurbring. Suid-Afrika se strafregstelsel implementeer ook restoratiewe reg as deel van die regsproses.

5.1 Sekondêre voorkomingsmaatreëls kan verskillende veiligheidsmaatreëls aanneem.

Bespreek die verskillende vorme van veiligheidsmaatreëls. (7)

5.2 Noem die TWEE faktore wat gelyktydig teenwoordig moet wees vir 'n misdaad om gepleeg te word. (2)

5.3 Volgens die Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998, Artikel 27(3), is die deursoeking van 'n persoon of 'n gevangene onderhewig aan sekere beperkinge.

Bespreek SES beperkinge wanneer 'n persoon deursoek word. (6)

5.4 Noem VYF pilare waarop die suksesvolle implementering van die restoratiewe proses berus. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae.

Konstabel Maluleke werk in die Gemeenskapsdienssentrum (GDS/CSC) by die Umtata-polisiestasie. Mnr. Vuma het voorheen 'n klag gelê oor die bure wat voortdurend dreig om sy blaffende honde dood te maak. Mnr. Vuma is terug by die GDS, hierdie keer omdat een van sy honde vergiftig is en dood is. Konstabel Maluleke het 'n verklaring by Mnr. Vuma afgeneem en die saakdossier op die misdaadadministrasiestelsel (MAS/CAS) geregistreer (CAS). Die regsfase in die strafregproses sal nou volg.

Kopiereg voorbehou

6.1 Daar is baie definitiewe riglyne wat neergelê word vir die polisie wanneer hulle 'n klagte hanteer.

Bespreek die riglyne van hoe die klagte by die polisiestasie hanteer moet word. (7)

6.2 Verduidelik die administratiewe prosesse van die eerste tot die laaste stap wat betref die dossiervloeidiagram. (7)

6.3 Bespreek die SEWE beginsels vir gesonde regsadministrasie. (7)

6.4 Bespreek die verskillende pleidooie wat die aangeklaagde kan aanbied kragtens Artikel 106 van die Strafproseswet. (9)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

'n Vakbond het weens hul ontevredenheid met hul werksomstandighede 'n vreedsame staking vir hul lede gereël. Die mense het tydens die staking gewelddadig geraak en die verbygangers op die strate aangeval en die klein besighede van goedere en kontant beroof. Drie van die gewelddadige stakers is deur veiligheidswagte oorrompel en gearresteer vir die beskadiging van eiendom, diefstal en aanranding onderskeidelik. Hulle is strafregelik aangekla. Die verdagtes het om borgtog aansoek gedoen.

Noem en verduidelik TIEN van die faktore wat in aanmerking geneem moet word wanneer 'n aansoek om borgtog oorweeg word. (10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20

OF

VRAAG 8

Die Suid-Afrikaanse reg maak voorsiening vir prosesse wat parool en die vrylating van gevangenes behels.

Bespreek die omstandighede wat verband hou met gemeenskapskorreksies. (20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou